WES-KAAPSE BEGROTING 2012
"BETER SAAM" GEREALISEER

Met Begroting 2012 is ons in staat om meer geleenthede te bied, wat - indien iemand soos jy dit benut – ons op die pad na ekonomiese groei en werkskepping plaas.

Tweederdes van die totale begroting word op GESONDHEID en ONDERWYS spandeer

Onderwys

Ons sal ons inisiatiewe versterk om geletterdheid en syferkundigheid in laerskole te verbeter; die aantal matrieks wat matriek slaag, te laat toeneem, en die algemene gehalte van hul eindeksamen te verbeter; die aantal onderpresterende skole te verminder; elke kind vanaf Graad 1 tot Graad 12 met 'n teksboek vir elke vak te voorsien; en topgehalte Graad R-programme by gewone openbare skole te voorsien.

U moet seker maak u kind werk hard om te slaag.

Gesondheid

Ons sal die voorkoms van beserings en aansteeklike siektes soos MIV en VIGS en TB verminder, en vroue- en kindergesondheid verbeter. Ons het ook die Khayelitsha Hospitaal voltooi en bou 'n hospitaal in Mitchellsplein.

U moet 'n gesonder lewenstyl handhaaf en altyd veilige seks beoefen.

Infrastruktuur projekte

Ons sal werkskepping aanmoedig en ons ekonomie versterk deur ons meer-jarige, dinamiese kapitaalbeleggingsprogram:

- Drie vernuwingsprojekte in die stad: R149.50 miljoen bydrae tot die Stigterstuin/Kunstekaap-stadsgebied, R156.65 miljoen bydrae tot die ontwikkeling van 'n regeringskompleks in die SSG en R103 miljoen bydrae tot die ontwikkeling van die Somerset Hospitaal-kompleks.
- R161.79 miljoen bydrae tot die verdubbeling van die Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum (KIKS) in samewerking met die Stad Kaapstad en die privaatsektor.
- Bykomende R300 miljoen bydrae tot paaie infrastuktuurprojekte:
  - 'n Nuwe afdelingspad tussen Gansbaai en Bredasdorp om toerisme langs hierdie besienswaardige roete te verhoog.
  - Beplanning van nuwe brûe by die Wingfield-wisselaar.
  - Beplanning van 'n nuwe padnetwerk rondom die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone.
- R31.69 miljoen bydrae tot die skep van 'n telekommunikasie-breëbandprojek om breëbandtoegang te verskaf aan elke skool, elke provinsiale en elke munisipale regeringsfasiliteit in die Wes-Kaap, en uiteindelik vir elke burger, terwyl die koste van breëbandtoegang vir sakelui ook sal verminder.

U en u besigheid moet elke geleentheid gebruik om die ekonomie te laat groei.

Verbetering van ons gemeenskappe

Ons sal maatskaplike insluiting bevorder en armoede verminder deur:

- Befondsing van maatskaplike ontwikkelingsprojekte wat fokus op kinders, die jeug, ouer persone en middel misbruik.
- Fokus te plaas op skoolsport, na-skoolse programme en biblioteke in armer gemeenskappe.
- Bevordering van veiligheid deur sekuriteitsvennootskappe.
- Vermindering van sterftes wat deur padongelukke veroorsaak word.

U moet u gesondheid oppas en nooit drink en bestuur nie.

Die totale begroting vir 2012/13 is R39.885 biljoen.



*Ander departemente: Premier, Provinsiale Parlement, ProvinsialeTesourie, Gemeenskapsveiligheid, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, Kultuursake en Sport, Plaaslike Regering.

ONS KAN **SAAM** DIE WES-KAAP **BETER** MAAK

Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.